Geld uit die veld

Nature's Moneymaker

NUUSBRIEF / NEWSLETTER

Meatmaster Skaaptelersgenootskap van Suid Afrika

Meatmaster Sheep Breeders' Society of South Africa

DES/DEC 2011

1060 Bloemfontein 9300 ☎ 051 4100955 051 4484220 / 0866670294
e-pos sonja@studbook.co.za

Kersboodskap

Dit lyk my hoe ouer n mens word, hoe vinniger snel die jare verby. Kersfees is voor die deur. Namens Elbe en myself wil ons u 'n Geseënde Kerfees en 'n baie Voorspoedige 2012 toewens. Mag u gedurende hierdie Kersseisoen die vrede en vreugde van 'n ware Christusfees saam met u geliefdes ervaar en mag 2012 vir u vele seëninge, geluk en goeie gesondheid inhou. Aan almal wat dalk geliefdes in 2011 verloor het, mag julle die Here se warm liefde en vertroosting ervaar.

Danie en Elbe Visser

Raadslede 2011 / 2012

Die Raad vir 2011 / 2012 is soos volg:

Mnr Danie Visser - President
Mnr Henk Kearney - Vise-President
Mnr Jean du Plessis - Raadslid
Mnr Clynton Collet - Raadslid
Mnr Stephan Kirsten - Raadslid
Mnr Chris Potgieter - Raadslid

GEKOOPTEERDE LEDE

1. Boemie Saayman
2. Rassie van der Vyver
3. Johnny Morrison
4. Mario du Preez
5. Riaan Liebenberg

Joernaal 2012

Die Genootskap gaan weer 'n joernaal uitgee in 2012. Advertensie kostes is soos volg:

R1000.00 - Halfblad
R2000.00 - Volblad

Die afsnydatum vir advertensies is einde 29 Februarie 2012. Verwittig asseblief die kantoor indien u 'n advertensie wil plaas asook watter tipe blad. Kontak besonderhede: sonja@studbook.co.za, tel: 051-4100955 of faks: 051-448 4220.

Onthou dat u advertensies asseblief van goeie gehalte foto's moet wees en die DPI van foto's nie minder as 600 moet wees nie.

Die volgende advertensie bladsye sal met 'n oop tenderproses verkoop word:

Binne Voorblad - min. tenderprys R2000
Eerste Binneblad - min. tenderprys R2000
Middel blad - min. tenderprys R4000
Buite Binneblad - min. tenderprys R2000
Buite Agterblad - min. tenderprys R2000

Die tender tydperk sal wees vanaf 23 Januarie 2012 tot die oggend 8:00 van 30 Januarie 2012.

Gelukwense

Baie geluk aan Mario en Angelique Du Preez met die geboorte van hulle baba seun.

Keurings

Die Raad het op 11 November besluit om keurings vir veilings in die toekoms nog strenger te maak. Ons doen dus 'n beroep op elke lid, kom ons bring net ons beste ramme/ooie na veilings toe. Dit is die vertoonvenster vir die ras en ons kan nie bekostig om swak diere op veilings te sit nie.

Jaarbeplanner 2012

Hiermee datums vir 2012:

25 Februarie - CRC Produksie Veiling
15 - 18 Mei - Nampo
Mei - Upington Skou
Mei / Junie - Rustenburg Skou
9 Augustus - Nasionale Veiling
Oktober - Loeriesfontein Skou

Geld uit die veld

Meatmaster Skaaptelersgenootskap van Suid Afrika
Meatmaster Sheep Breeders' Society of South Africa

Nature's Moneymaker

DES/DEC 2011

Nasionale Veldram Projek

Die Raad het besluit om 'n Nasionale Veldram Projek te loods wat in die Hopetown omgewing gestasioneer gaan wees. Meer inligting sal binnekort beskikbaar wees en ons vra dat u dit sal ondersteun. Dit kan net die ras verbeter.

Produksie-Aantekeninge

Soos u reeds bewus is, sal SA Stamboek vanaf 1 Januarie 2012 alle data hanteer ten opsigte van bogenoemde aangeleentheid.

SA Stamboek het 'n skrywe gestuur aan alle telers. Aangesien al ons telers nie lid van SA Stamboek is nie gee ons graag die inligting aan u deur.

AAN: Alle Deelnemers aan Produksie-aantekening

SA Stamboek, in samewerking met die Projekkomitee (Voorsitters van die onderskeie Prestasie-toets Advieskomitees), is nou op die punt om die versoek van die bedryf ten opsigte van die produksie-aantekening van diere en die mandaat in daardie verband ontvang, tot uitvoering te bring.

Die prosesse om poste te adverteer, onderhoude te voer en die mees geskikte persone aan te stel om dienste ten opsigte van produksie-aantekening aan u te lewer, is feitlik afgehandel en ons is opgewonde oor die kundigheid wat ons kon bekom.

Dr Japie van der Westhuizen sal aan die hoof van hierdie afdeling staan. Tensy omstandighede ons dwing om dit vroeër te doen, is die beplanning om vanaf 1 Januarie 2012 met dienste te begin wanneer die veldbeamptes diens aanvaar. Die verwerking van data sal egter wel vanaf **1 Desember 2011** hanteer kan word en produksiedata kan van daardie datum af direk aan Stamboek gestuur word by:

Produksie-aantekening, Posbus 270,
Bloemfontein, 9300
Tel: 051-4100900; **Faks**: 051-4473964
E-Pos:
Kleinvee smallstock@studbook.co.za
Navrae herman@studbook.co.za

Intussen gaan alle data hantering voort soos altyd. Die redigering van die produksie data sal onder Herman Labuschagne resorteer. Ses dames wat jarelange ondervinding het van die redigering van produksiedata sal vanaf 1 Desember by Herman se redigeer afdeling inskakel om aan u 'n ware eenstopdiens te lewer.

Deelnemers sal vroeg in Januarie 2012 vir die produksie-aantekening-dienste gefaktuur word vir 'n aanvanklike periode van ses maande, waarna stoettelers dan, waar van toepassing, weer in Julie 2012 saam met hul normale Stamboekfooie, in een faktuur vir alle dienste vir die volgende periode van een jaar gefaktureer sal word.
Telers sal dan voortaan slegs een faktuur jaarliks vir alle basiese diere-aantekeningdienste ontvang.

Kommersiële- en ander produsente wat aan produksie-aantekening deelneem sal ook in Julie 2012 vir 'n periode van een jaar gefaktureer word nagelang van die dienste waarvan hulle gebruik maak.

Vir kennisname gee ons die fooie soos aanbeveel deur die teenwoordigers van die verskillende spesies op 25 Mei 2011, weer aan u:

Fooie per jaar (BTW uitgesluit)
Kleinvee Produksie -aantekening

R250 per teler plus R4 per produktiewe ooi.

Let asb weer daarop dat u in Januarie slegs vir die helfte van bogenoemde fooie gefaktureer sal word.

Ons weet ons kan op u volle samewerking staat maak om hierdie Eenstopdiens, waarvan u eienaarskap het en waarin u dus inspraak het, suksesvol van die grond af te kry tot voordeel van die hele veebedryf.

Groete

Dr PIERRE VAN ROOYEN
PROJEKKOMMITTEE

Geld uit die veld

Meatmaster

Meatmaster Skaaptelersgenootskap van Suid Afrika
Meatmaster Sheep Breeders' Society of South Africa

Nature's Moneymaker

DES/DEC 2011

Opskerpingskursus Keurders

Die volgende is bespreek by die opskerpkursus.

"Groom" en skoonmaak van skape - hierdie aangeleentheid is ernstig bespreek want 'n persoon wat nie "groom" of sy skape skoonmaak nie, kan nie kompeteer met iemand wat dit wel doen nie.

Die aanbeveling sal wees dat indien 'n keurder/inspekteur/ fasiliteerder/beoordeelaar sien dat daar aan die bedekking van 'n skaap gewerk, is so 'n skaap summier onttrek sal word en die eienaar geen sê hieroor het nie

Kondisie

Kondisie gaan net 'n rol speel totdat die skaap veilings-gereed is. Daarna gaan daar nie weer na kondisie gekyk word nie. Daar sal net weer na 'n skaap gekyk word indien dit te vet is.

Testis omtrek

Daar gaan gekyk word na 'n standaard wat aanvaarbaar gaan wees.

Bekke

Daar gaan gekyk word na die kake (moet oormekaar wees)en minder na die tande, want die tande se helling kan verskil.

Horings

Horings kan afgehaal word. Dit moet so afgehaal word dat n voornemende koper kan sien dit is 'n horing skaap. Ons wil geen verbloeming hê nie.

Skede

Daar is net vinnig oor gepraat, maar hulle kyk na skedes wat nie te lank raak nie.

Absesse

Absesse moet darem nog 'n bedekking hè. Indien die abses wel oopgaan moet dit asseblief skoongemaak word. As die abses met haarbedekking op die testis of uier is, is die dier gediskwalifiseer.

Webblad

Die genootskap het 'n nuwe webadres en lede is welkom om dit te besoek by

www.meatmastersa.co.za

Bedanking uit LNR

Kennis is reeds deurgegee aan die LNR dat die genootskap nie meer van hulle dienste sal gebruik maak nie.

Ons beveel aan dat lede wat lid is van die LNR hulle lidmaatskap beëindig. Lede wat 'n rekening ontvang het moet gelde tot einde Desember 2011 betaal.

Vir enige navrae is u welkom om vir DR Pierre van Rooyen, Carl Hunlun of Herman Labuschagne by SA Stamboek te skakel by 051-4100900.

Opdatering van Telers se Inligting

Indien u adres, kontaknommer, selnommer, epos ens. Verander het, stuur asseblief die nodige inligting aan die Genootskap sodat ons die rekords kan verander.

Sluit van kantore

Die kantore sal gesluit wees vanaf 19 Desember 2011 tot 3 Januarie 2012. Sonja Wasserman sal op verlof wees vanaf 19 Desember to 6 Januarie 2012.

Ons maak van die geleentheid gebruik om u 'n Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige 2012 toe te wens!